

Saterdag 27 Julie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9-10

Christus se krag beskut my!

Paulus het gesukkel met die “doring in die vlees”. Hy bid ernstig tot die Here! Die Here antwoord: “My genade is genoeg!”

Moeilike omstandighede takel ons af en maak ons geestelik moeg. Dalk beleef jy ook vandag, ek is te moeg en sien nie meer uitkoms nie. Biddend roep jy tot die Here: My hemelse Vader, help my! My probleme en omstandighede oorweldig my. My siekte, my finansiële uitdagings, my werksdruk, my huwelik, my boelies en my geloofstwyfel wen my. Op my eie kan ek nie hierdie omstandighede hanteer nie.

Die Here antwoord Paulus se gebed. Sy antwoord is nie om die omstandighede te verander of die doring weg te neem nie. Die swakheid en pyn is nog daar. Deur die werking van die Heilige Gees word Paulus herinner aan die genade van die Here. Die grootheid van die Here se genade kan nie gemeet word nie (Ef. 3:16-19). Die Here se genade is vir ons oorvloedig! Christus se kruisdood is vir ons genoegsaam, ook in al ons omstandighede is ons meer as oorwinnaars deur die liefde in Jesus Christus.

Maak weer ten volle staat op die Here! Christus se krag beskut my! Al is ek swak, God werk kragtig en vertroos my in my swakheid. Juis wanneer ons swak is, vermeerder ons geloof en vertrouwe in die Here.

Die Here gebruik persone met swakhede en tekortkominge om kragtig in die koninkryk te werk!

Onthou dat wanneer jy op jou swakste is, werk die Here kragtig in jou en werk nog steeds met jou!

Sing: Psalm 103-1:1, 7, 9

Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)